PERSVERKLARING

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het kennis geneem van president Cyril Ramaphosa se aankondiging op Sondag 15 Maart 2020 oor die verspreiding van die koronavirus in Suid-Afrika.

Die NG Kerk verbind haar aan die president se noodmaatreëls wat getref is om op die doeltreffendste manier maksimaal saam te werk deur haar gemeentes en lidmate op te roep om aan die noodmaatreëls gehoor te gee.

Daarom is die NG Kerk (met al haar gemeentes, leraars en lidmate) van voorneme om aan die hand van die noodmaatreëls binne haar vermoë alles moontlik te doen om:

- hierdie een kans wat ons het om die verspreiding van die virus te verlangsaam, aan te gryp deur **so vinnig moontlik en so beslis moontlik maatreëls te tref wat sosiale kontak tussen mense sal beperk.**
- lidmate op te roep om die andersoortigheid van die koronavirus te begryp en te besef dat dit nou van ons deernis en buitengewone optrede vra. Deernis beteken nou om sosiale kontak te beperk waar en hoe ons ook al kan.
- haar lidmate op te roep om met **groot verantwoordelikheid en selfbeheersing** op te tree. Daar word van gelowiges wat draers van hoop is, gevra om hulle te weerhou van onverskillige uitsprake (soos dat die uitbraak van die virus 'n voorbeeld van God se straf is of dat dit net sekere persone in die gemeenskap raak).
- lidmate op te roep om te fokus op naastediens en veral weerlose mense te ondersteun.
- 'n beroep op gemeentes te doen **om nie voort te gaan met hulle tradisionele benadering tot die erediens nie,** maar om binne hulle konteks maatreëls te tref sodat die evangelie steeds aan mense verkondig kan word, sonder die samekoms van groot groepe mense.
- lidmate op 'n verantwoordelike manier in te lig oor voorsorgmaatreëls, die eerste oppervlakkige onderskeiding van die simptome van die virus, aanmeldingsprosedures, en so meer.
- lidmate bewus te maak dat hierdie maatreëls getref is aan die hand van **die Wet op Rampbestuur** (Wet 57 van 2002) en dat alle landsburgers verplig is om by maatreëls te hou wat tydens rampgebeure afgekondig word.

Uitgereik deur die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Moderamen